Totiusbulletin

11 November 2018

Hartlik Welkom

Mag u saam met ons die Here loof en prys. Mag Hy deur die werking van sy Heilige Gees u voed met die rykdom van sy Woord. Sou u 'n besoek van die predikant of ouderling verlang skakel asb. met ds. Henk Stavast (082 304 4667) of Skriba, br. Koot vd Walt (082 809 8522). U kan ook u gegewens op skrif stel en in die dankofferkassies by die deure gooi.
Kom drink na die diens saam tee, koffie of sap. Dan kan u die Woordverkondiging laat insink en miskien dit wat God in besonder tot u gespreek het, met 'n broeder of suster deel. So is u ook profeet van God.

Onderlinge Meelewing en Terugvoer

Ons dra almal wat beproef word deur lyding, siekte en hartseer aan die genade van die Here op en is saam met hulle bly wat vreugde ervaar.

- Br. Gerhard van Schalkwyk sterk tuis aan na 'n voetoperasie.
- Br. Hendrik Griffioen se suster is gedurende die week oorlede. Sr. Soekie Griffioen is ongesteld. Sterkte en beterskap toegebid.
- Br. Ben van Dyk sterk goed aan na 'n liesbreuk operasie.

Hier is 'n lys van lidmate wat chronies siek/bejaard is en tuis besoek kan word. Selfs 'n oproep kan help om eensaamheid & siekte vir 'n oomblik op die agtergrond te skuif.
br. Hansie vd Merwe, sr. Rita Venter, sr. Ria Jacobs, sr. Nell Joubert, sr. Anna v Rooyen, br. Jan Aucamp, sr. Marie Botha & br. Sakkie Cilliers.

Verjaarsdae & Huweliksherdenkings

11 Nov: sr. Chanri Snyman
13 Nov: **sr. Anna van Rooyen (89), br. Hansie van der Merwe (87),** br. Hanno Hutten en Anlé Spies
14 Nov: sr. Hesta Venter, Willene Diedericks
16 Nov: br. Henk Mulder
17 Nov: br. Luan Van der Walt

Teeskinkbeurte

Sleutels: Joanita Fouchè 076 514 4587

11 Nov: Hesta Venter, Narina Meiring, Rinette Potgieter, Wilma Labuschagne & Alet du Plessis
18 Nov: Veda Cloete, Rina Noëth, Cathy-Sue Theron, Susan Theron & Lindie Venter

Sameroepster: Indien u nie kan nie, reël self iemand in u plek. Bevestig met helpers.

Vanaf die Kerkraad

Kollektes: Vandag
Banke: Barmhartigheid
Deure: Emeritaatsversorging
Kerkkas

Volgende week:
Banke: Barmhartigheid
Deure: Kerkkas

- Die nuwe **Skriba** van die **Breë Kerkraad** is br. Mias Smit (084 510 9193)

Die volgende broeders word ter aprobasie voorgestel as ouderlinge:

- Br. Henning Noëth
- Br. Renier van Rooyen

Die volgende broeders word ter aprobasie voorgestel as diakens:

- Br. Johan du Plessis
- Br. Jacques Botha
- Br. Harko Pretorius

Katkisasie

- Sondag: gr 0 -11 (Les 27)

Woensdag Bybelstudie

17 Oktober om 10:30 in die konsistorie

Kommissie vergaderinge

12 Nov. Katkisasie
Bybelstudie
Woordverbreiding
18 Nov. Gemeente Verg.
19 Nov. Kerkraad: Verslag.
21 Nov: Streek Sinode
26 Nov: Bedieningskom.
3 Des: Diakonie

Diakonie

- Vervoer na eredienste
- Voedselprojek: swart krat beskikbaar by die deure

Oggenddiens

Meelewingslied: Sb 21: 1 + 2
(2de beryming)

Skrifgedeelte: 2 Timotheüs 3
Teks: Markus 14: 18 + 18

Sang: Ps. 18: 1 + 14
Ps. 119: 62,63
Ps. 27: 1 + 3
Ps. 111: 1,2, 4 + 5

DIEN GOD MET VOLLE GELOOFSVERTROUE

1. Wat gaan in die laaste dae gebeur?
2. Wanneer is dit die laaste dae?
3. Hoekom waarsku God ons oor hierdie verskriklike tyd?
4. Van wie praat God deur Paulus in ons Skrifgedeelte?
5. Wat is die kern oorsaak van 'n leë godsdiens?
6. Omdat ons almal geneig is om blind te wees vir ons eie foute, hoe kan ons daarteen waak om in 'n leë godsdiens te verval?
7. Wat beteken dit om "meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God" te wees?
8. Is ons in die laaste dae?
9. As jy dink ons is in die laaste dae, hoe gaan jy jouself handhaaf as Christen?
10. Wat is die inhoud van jou Godsdiens?

Aand erediens

Skrifgedeelte: 1 Thessalonicense 3
HBK SONDAG 52
Sang: Ps. 146: 1, 3 + 4
Ps. 103: 2 + 3
Ps. 16: 1, 3 + 5

Op Die Kerkwerf

Beroepe Bedank: Ds TJ van Vuuren (Tommie) van Heilbron na Durban-Noord.

GK Kameeldrift se uitreikaksie

•Koekies vir Afrika! @ R98/kg

Die opbrengs van hierdie projek gaan netso vir instansies of skole met sorgbehoewende kinders soos die Pretoria Skool vir Serebraalgestremdes, Nuwe Hoop-skool, Transvalia skool en Sonitus vir gehoorgestremdes en ook ander wat versoeke rig.

As iemand wil ondersteun met kontant of bestanddele, of deur koekies te koop, kontak gerus kerkkameeldrift@gmail.com of posvirsusan@gmail.com

R98.00 per kilo.
Gemengde pakke bestaan uit 5 soorte:
***Koffiekoekies**
***Vlakoekies**
***Gemmerkoekies**
***Soetkoekies**
***Klapperkoekies**

Kersfees Uitverkoping: Dopperdagboeke nou slegs R20 elk by Fontein Uitgewery

Die Bybelgenootskap se "**Geletterdheidsprojek**" is een van ons mees suksesvolle uitreikprojekte ooit!! Kleuters leer lees en skryf met die Bybel as basis!
'n 100 boekies kan julle gemeente s'n wees om te gebruik as uitreik na 'n minder bevoorregte Kleuter- of Laerskool?
WhatsApp jou ***naam*** **en** ***gemeentenaam*** na **067 243 0053**
Nota: "Save" eers die nommer onder **"Bybelgenootskap – Hennie Dekker"**
Die gemeente wat die beste reageer (% van die gemeente se lidmaattal!) ontvang die GRATIS Geletterdheidsboekies! **Sluitingsdatum: 30 November 2018**

TOPIA Saambid – en Kuiergeleentheid

Jy word hartlik uitgenooi na 'n TOPIA saambid – en kuiergeleentheid. Ons gaan terugvoer gee oor wat by TOPIA gebeur. Daarna gaan ons saam die Here dank en voorbidding doen. Ons wil ook saam kuier en iets saam drink en eet. Bring asseblief 'n bordjie eetgoed. Laat weet asseblief vir Lizanne Aucamp of ons jou daar kan verwag.

Waar: GK Meyerspark Wanneer: Vrydag 16 November 2018 Hoe laat: 19:00
Kontak: Lizanne Aucamp by 084 555 1890 Hierdie sal die laaste geleentheid wees vir 2018

Pretoria Eerstejaarskamp 2019

Vir die afgelope paar jaar het die getal eerstejaarstudente wat GK Brooklyn se eerstejaarskamp bywoon drasties gedaal. Uiteindelik het ons besluit dat dit nie meer lewensvatbaar is om 'n eerstejaarskamp slegs vir GKSA studente aan te bied nie.

Tog is ons steeds baie opgewonde oor Juventus, die studentebediening by GK Brooklyn. Soos die Here een deur toe maak, maak Hy weer 'n ander oop. Na aanleiding van die *Memorandum van Ekumeniese verhouding tussen die GKSA en NGK* wat op die 2015 Sinode goedgekeur is, het ons gesprekke met NG Universiteitsoord gevoer oor die moontlikheid om saam met hulle te kamp. Ons is opgewonde dat ons DV volgende jaar deel van NG Universiteitsoord se eerstejaarskampe gaan wees. Daar is drie kampe – twee vir koshuise en een vir dagstudente. Daar sal groepleiers van GK Brooklyn op elk van hierdie kampe wees en Ds. Jacques Tredoux sal ook 'n dag by elk van die kampe spandeer.

Ons wil alle voornemende eerstejaarstudente aanmoedig om hierdie kampe by te woon. Dit is 'n wonderlike geleentheid om koshuis-, klas- en geloofsvriende te maak. Van Juventus se kant af sal ons sorg dat al die inligting oor GK Brooklyn se eredienste en aktiwiteite aan al die GKSA eerstejaars deurgegee word.

WIE:	Alle voornemende eerstejaars van 2019 wat in Pretoria kom studeer
WANNEER:	21-25 Januarie 2019
INLIGTING:	Vind al die relevante inligting op Brooklyn-Gemeente se website onder kampe. www.gkbrooklyn.org.za/eerstejaarskamp-2019
INSKRYWING:	Volg die instruksies op die skakel hier bo.
KONTAK:	Daniël Viljoen (Juventus kampe), 079 882 7181, juventus@gkbrooklyn.org.za

Kerssangaand

Saterdag 24 November, 19:30

Aangebied Deur

Laudate Dominum

o.l.v. Marina Coetsee

In Samewerking Met

KaleidoCanto *o.l.v. Alda Claassen*

Laerskool Johannes Calvyn

Arjen van Renssen *Tjello*

Huibert Verhoef *Orrel*

Simon du Toit *Klavier*

Tanya Bijker *Voorleser*

Vrye Gereformeerde Kerk

h/v 28 ste laan en Louis Trichardt

Toegang gratis - slegs 'n donasie by die uitgang

Gratis verversings na afloop van die program

SPLINTERNUUT

R60 posgeld uitgesluit



info@fonteinuitgewery.co.za

012 332 2557 ●●● www.fonteinuitgewery.co.za

Bloemfontein Eerstejaars 2019

Stuur jou kontakbesonderhede na:
gkbloemsuid@gmail.com

Vir meer inligting:
Ds. Fritz Potgieter - 084 558 8446
Bianca Pieterse - 084 415 7824

Koeksisters 28/11

Naam: _____ | Tel. nr.:_____

MERK GERUS 1 BLOKKIE: *R25 / dosyn*

- ☐ Ek bestel____dosyn koeksisters
- ☐ afhaal tussen 11h00 en 12h00
- ☐ Ek tref ander reëlings t.o.v. afhaal (asb. Nie Sondae nie)
- ☐ Ek kan kom help bak
- ☐ afhaal na 18h00